# ’N ONDERSOEK NA DIE SENOTAAF BY DIE VOORTREKKERMONUMENT, PRETORIA

**Anton C van Vollenhoven**
*Noordwes-Universiteit*
antonv@archaetnos.co.za

Die Voortrekkermonument in Pretoria het die laaste aantal jare onder ernstige waterdigtingsprobleme deurgeloop. Tydens die ondersoek hierna is bevind dat hierdie kwessie eintlik al vir etlike jare bestaan en dat daar verskeie pogings oor ’n periode van sowat 60 jaar aangewend is om dit op te los. Die jongste ondersoek dui daarop dat die omvang van die probleem van so ’n aard is dat daar omvattend hierna gekyk moet word. Gevolglik word alle openinge in die monument ondersoek. Een hiervan is die senotaaf onder in die monument.

Dit het die geleentheid geskep om ook ondersoek in te stel na gerugte dat dit eintlik ’n sarkofaag is en dat dit ’n tydskapsule met belangrike dokumente of tydgenootlike inligting uit die periode bevat toe die monument opgerig is,. Die oopmaak van die senotaaf sou dus die geleentheid bied om ook hierdie sake te ondersoek.

Vanweë die sensitiewe aard van die ondersoek, is eerstens historiese inligting omtrent die senotaaf ingesamel. Voorts is besluit om die fisiese oopmaak van die senotaaf soos ’n argeologiese opgrawing te hanteer ten einde seker te maak dat die proses goed gedokumenteer word, met dien verstande dat fisiese opgrawingswerk heel waarskynlik onnodig sou wees. Die artikel fokus op die studie en die effens verrassende bevindinge van die ondersoek. ’n Moontlike verklaring vir teenstrydighede wat tydens die navorsing gevind is, word ook aan die hand gedoen.

**Sleutelterme**: argeologiese opgrawing, geheime ingang, sarkofaag, senotaaf, Voortrekkermonument, waterdigting

## An investigation into the cenotaph at the Voortrekker Monument, Pretoria

For the last number of years, the Voortrekker Monument in Pretoria struggled with severe waterproofing issues. While investigating this, it was realised that the problem was a recurring one and over a period of approximately 60 years various interventions were done to solve this. The latest investigation indicated that the extent of the problem is such that a comprehensive approach needs to be implemented. As such all cavities in the monument are currently being monitored. One of these is the cenotaph on the lowest level of the monument.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

It presented the opportunity to also view rumours indicating that the cenotaph is a sarcophagus and that it contained a time capsule with important documents or information contemporary with the building of the monument. The opening of the cenotaph was an opportunity to investigate these matters.

Since the investigation was regarded as being a sensitive matter, historical research regarding the cenotaph was conducted first. It was also decided to manage the physical opening of the structure as an archaeological excavation to ensure that the process is well documented, keeping in mind that physical excavation was likely unnecessary. The article focuses on the study and the somewhat surprising findings thereof. It concludes by providing possible explanations for the discrepancies found during the research.

**Keywords:** archaeological excavation, cenotaph, sarcophagus, secret entrance, Voortrekker Monument, waterproofing

## Inleiding

Die Voortrekkermonument (VTM) in Pretoria is sekerlik een van die bekendste landmerke in die stad en waarskynlik ook in Suid-Afrika (Figuur 1). Dit gedenk die Voortrekkers en is ’n plek met ’n besonderse betekenis vir persone wat hulle vereenselwig met die Voortrekkers en hulle strewe om van Britse oorheersing bevry te word (Figuur 2).



**Figuur 1:** Die Voortrekkermonument in Pretoria.
(Foto: AC van Vollenhoven, 2021.)




**Figuur 2:** Ligging van die Voortrekkermonument en Natuurreservaat in Pretoria. (Bron: Google Earth, aangepas, 2021.)

Soos enige historiese gebou, het die monument deurlopend aandag nodig ten einde dit in stand te hou. Een van die probleme in hierdie verband is waterdigting. Trouens, daar is die laaste aantal jare besef dat die monument ernstige waterdigtingsprobleme het. Tydens die ondersoek hierna is bevind dat waterprobleme eintlik al vir etlike jare bestaan en dat daar verskeie pogings oor die verloop van ongeveer 60 jaar aangewend is om hierdie kwessie op te los.

Die jongste ondersoek was steeds aan die gang by die skryf van hierdie artikel, maar dit is duidelik dat die omvang van die probleem van so ’n aard is dat daar omvattend hierna gekyk moet word en dat dit gevolglik nog geruime tyd kan duur.[1] In hierdie verband word alle openinge in die monument ondersoek. Dit sluit alle sale, kamers en ander moontlike reservoirs in. Een hiervan is die senotaaf onder in die monument.

1 AC van Vollenhoven, persoonlike versameling (hierna ACVVP), Onderhoud: Mnr. F van Vuuren, Direkteur Eiendomme, Kanton, Pretoria, 2021-06-18.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

**Probleemstelling, hipotese en doelwitte**

Die waterdigtingsprobleme in die Voortrekkermonument lei tot verskeie ander kwessies soos water wat op die trappe aan die voorkant van die monument uitsyfer asook druppende water in die helde- en senotaafsaal. As deel van die ondersoek is besluit dat die senotaaf oopgemaak moet word om te sien of daar enige water binne-in is en, sou dit die geval wees, of dit enige skade veroorsaak het. Die hipotese is dat waterprobleme waarskynlik ook in die senotaaf merkbaar sal wees en dat dit aangespreek sal moet word.

Die navorsing is derhalwe gerig op die oplos van 'n praktiese erfenisprobleem. As sodanig is die kardinale doel van die navorsingsvrae nie ter uitbreiding van wetenskaplike kennis nie, maar val dit eerder binne die teoretiese benadering van erfenisbestuur. Hierdie benadering, wat bekend staan as die Erfenisbestuursparadigma, fokus hoofsaaklik op die bestuur van 'n erfenishulpbron binne die besondere konteks daarvan.[2] Benewens navorsingsbehoeftes spreek dit ook bestuursaspekte aan, in hierdie geval die waterdigtingsprobleem by die Voortrekkermonument. Een van die doelwitte van die paradigma is dat erfenisbewaring binne die beginsels van akademiese navorsing uitgevoer word moet en, indien moontlik, ook vir navorsingsdoeleindes benut kan word.[3]

Hieruit voortvloeiend kan spesifieke navorsingsdoelwitte ook gestel word. In die geval van die senotaaf doen daar byvoorbeeld verskeie gerugte die rondte wat hiervoor benut kan word. Soms word verkondig dat die senotaaf menslike oorskot bevat wat beteken dat dit eintlik 'n sarkofaag is. Ander gerugte sinspeel daarop dat daar 'n tydskapsule met belangrike dokumente in mag wees of bloot tydgenootlike inligting uit die tyd toe die monument opgerig is. Die oopmaak van die senotaaf sou dus die geleentheid bied om ook hierdie sake te ondersoek. Laastens sou die ondersoek lei tot die insameling van getuienis omtrent die boumateriaal en planvorm van die senotaaf.

**Metodiek**

Vanweë die sensitiewe aard van die aangeleentheid – die senotaaf word as die simboliese fokus van die monument beskou – is daar besluit om nie sonder meer die senotaaf oop te maak nie, maar om eers deeglike navorsing te doen. Eerstens

2 AC van Vollenhoven, "'n Voorgestelde paradigma vir navorsing op histories-argeologiese erfenishulpbronterreine in Suid-Afrika aan die hand van gevallestudies in Noordelike Gauteng" (DPhil-proefskrif, Universiteit van Pretoria), 2000, p 552.

3 BM Fagan, *In the beginning. An introduction to archaeology* (Santa Barbara, 1991), pp 504–507.

SAJCH/SATKG 38(2), December/Desember 2024 pp 108–126
https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

is historiese navorsing in die argief van die VTM gedoen om meer inligting omtrent die struktuur vas te stel. Tweedens is besluit om die fisiese oopmaak van die senotaaf soos ’n argeologiese opgrawing te hanteer ten einde te verseker dat dit op wetenskaplike wyse gedoen en gedokumenteer word.

## Historiese konteks

Die geskiedenis van die VTM, wat as ’n ikoniese Afrikanermonument beskou word, is welbekend en word in verskeie bronne weergegee.[4] Sedert die oprigting daarvan is dit waarskynlik die vernaamste simbool van Afrikanernasionalisme en moontlik ook van Afrikanergeskiedenis. Nie alleen word die oprig daarvan ten nouste verbind met die regering van die dag en die nasionalistiese strewe van Afrikaners[5] nie, maar feitlik alle Afrikaner-kultuurorganisasies het op die een of ander wyse ’n bydrae tot die oprigting en feesvieringe daaromheen gelewer. Hierdie feesvieringe het hoogty gevier tydens die hoeksteenlegging van die monument in 1938 en die inwyding daarvan in 1949. Daar sou tereg gesê kon word dat die VTM een van die belangrikste erfenissimbole van Afrikaners is en dat dit daarmee saam ’n simbool van Afrikaneridentiteit is.[6]

Hierdie gedagte is in ooreenstemming met Maré[7] se definisie van ’n monument as ’n fisiese objek, wat in die openbaar vertoon word en wat diegene wat daarna kyk herinner aan ’n spesifieke individu of gebeurtenis. Sy gaan voort deur dit dan pertinent te koppel aan ’n spesifieke gemeenskap of groep. In hierdie geval word die Groot Trek en die Voortrekkers herdenk en word die monument gekoppel aan die Afrikaner. Die Voortrekkers was Nederlandssprekende boere, wat gedurende die dertiger- en veertigerjare van die negentiende eeu vanuit die Kaap na die noorde getrek het. Die doel van die Groot Trek was om weg te kom van die Britse invloedsfeer.[8]

Die monument is opgerig deur die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK), wat in 1931 deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) tot stand gebring is. Die taak van die SVK was om ’n monument ter ere van die Voortrekkers

4 J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001); OJO Ferreira, “Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee” (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria), 1970.

5 In hierdie konteks verwys Afrikaner na wit Afrikaanssprekende persone.

6 AC van Vollenhoven, Die veranderende betekenis van die Voortrekkermonument: erfenis of erfenisverlies?, *LitNet Akademies* 14(2), 2017, p 218.

7 E Maré, The aesthetics of ideology: the vicissitudes of monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* (SATKG) 16(2), 2002, p 16.

8 J Visagie, Oorsake van die Groot Trek na die binneland, *in* F Pretorius (red), *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag* (Kaapstad, 2012), pp 117–119.

SAJCH/SATKG 38(2), December/Desember 2024 pp 109–126
https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

op te rig.[9] In 1936 is besluit dat die monument in Pretoria opgerig moes word en is die argitek, Gerard Moerdyk, aangestel om dit te ontwerp. Vir die SVK was dit belangrik dat die “beliggaming van die Voortrekkeridee” in die ontwerp ingesluit moes wees. Voorts moes die kolossale statuur van die Voortrekkers in die monument tot uiting kom.[10] Aspekte wat beklemtoon is, was dat dit moes inspireer, ruim van opvatting moes wees en eer moes gee aan diegene wat dit verdien.[11]

Benewens die argitektoniese meriete, het monumente gewoonlik ’n sterk simbolies-ideologiese karakter. Menige monumente word opgerig met ’n ideologiese doel voor oë[12] en in die geval van die Voortrekkermonument was dit Afrikanernasionalisme.[13]

Dit dien vermeld te word dat die monument saamgestel is uit twee ontwerpidees. Eerstens is daar die walaer, bestaande uit ossewaens wat in sirkelvorm geplaas is om ’n verdedigingsobstruksie te vorm en wat die basis van Voortrekkerverdediging gevorm het. Dit het ook ’n belangrike simbool van die Afrikaner geword. Hierdie gedagte is afkomstig van EC Pienaar en AC Bouman. Die tweede idee is afkomstig van Moerdyk en behels ’n massiewe gebou wat uiting gee aan die gedagte van ’n gewyde plek.[14] Moerdyk het aangedui dat die Bybel as inspirasie gebruik is en dat die simboliek van die monument deur die idee van ’n altaar geïnspireer is.[15] Die inspirerende dade van die Voortrekkers word deur die senotaaf as gewyde sentrum gesimboliseer. Die koepel simboliseer die ruimheid van die Voortrekkers se dade, terwyl die sonstraal,[16] wat op die senotaaf skyn, die seëning van God oor die lewe en aspirasies van die Voortrekkers simboliseer.[17] Detailinligting in verband met

9 J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001), p 6; OJO Ferreira*, ’n Volk se hulde: die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (Johannesburg, 1975), pp 4–8.

10 OJO Ferreira*, ’n Volk se hulde: die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (Johannesburg, 1975), p 51.

11 G Moerdyk, Die Voortrekkermonument, *in* Anoniem, *Inwyding van die Voortrekkermonument. Amptelike program en gedenkboek* (Johannesburg, 1949), p 43.

12 E Maré, The aesthetics of ideology: ..., *SATKG* 16(2), 2002, p 22.

13 OJO Ferreira*, ’n Volk se hulde: ...* (Johannesburg, 1975), pp 93–97; S Marschall, Forging national identity: institutionalising foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* (*SATKG*) 19(1), 2005, p 23.

14 J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001), p 8.

15 G Moerdyk, Die Voortrekkermonument, *in* Anoniem, *Inwyding van die ...* (Johannesburg, 1949), p 44.

16 Die gebou is ontwerp sodat ’n sonstraal om 12:00 op 16 Desember elke jaar op die senotaaf, met die woorde “Ons vir jou Suid-Afrika”, skyn.

17 OJO Ferreira, “Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee” (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria), 1970, pp 69–70.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

die simboliek van die monument word in verskeie bronne weergegee,[18] maar vir die doel van hierdie studie word met die voorafgaande volstaan.

Die Voortrekkermonument bevat kenmerke wat vergelyk kan word met sommige Europese monumente, soos die Dôme des Invalides in Parys en die Völkerschlachtdenkmal in Leipzig. Afrika-elemente, soos die sigsagpatroon aan die bokant (buite) is ook toegevoeg.[19] Moerdyk het aangedui dat hierdie patroon deur die Zimbabweruïnes geïnspireer is.[20] Duffey konstateer dat die vorm van die monument afkomstig is van die sogenaamde Voortrekkermonumentkoppie naby Mapungubwe,[21] terwyl Grobler aantoon dat Kranskop naby aan Nylstroom (Modimolle) as inspirasie gedien het.[22] Die vorm en ontwerp is tipies van die Art Deco-periode waarin die monument gebou is.[23]

Uitgrawings op die perseel en die lê van die fondament het in 1937 begin en is in Februarie 1938 voltooi. Bouwerk het hierna ’n aanvang geneem.[24] Hoewel die monument nie in 1938 voltooi sou wees nie, is besluit dat die hoeksteen wel in daardie jaar gelê sou word, omdat dit die eeufeesherdenking van die Groot Trek sou wees.[25] Die feesvieringe is voorafgegaan deur ’n Simboliese Ossewatrek, met nege herdenkingswaens wat vanaf verskillende plekke in Suid-Afrika na Pretoria gereis het.[26] Die hoogtepunt van die feesvieringe was die hoeksteenlegging op 16 Desember 1938, ’n 100 jaar ná die Slag van Bloedrivier (Ncome).[27]

---

18 Byvoorbeeld OJO Ferreira*, ’n Volk se hulde: die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (Johannesburg, 1975); J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001); R Heymans, *Voortrekker Monument Pretoria* (Pretoria, 1986).

19 A Grundlingh, A cultural conundrom? Old monuments and new regimes: The Voortrekker Monument as symbol of Afrikaner power in Postapartheid South-Africa, *Radical History Review* 81, 2001, p 96.

20 G Moerdyk, Die Voortrekkermonument, *in* Anoniem, *Inwyding van die ...* (Johannesburg, 1949), p 47.

21 A Duffey, ’n Egte lugkasteel: Moerdijk, Van Wouw en die Voortrekkermonument, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 20(2), 2006, p 27.

22 J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001), p 14.

23 ACVVP, Onderhoud: Me C Kruger, Voormalige vakkundige en besturende direkteur, Voortrekkermonument en Erfenisstigting, Pretoria, 2021-05-19.

24 E Pretorius, *Marmer en graniet. Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee (1931–1968)* (Pretoria, 2022), pp 68–69.

25 OJO Ferreira*, ’n Volk se hulde: die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (Johannesburg, 1975), pp 50–52.

26 A Grundlingh, A cultural conundrom? Old monuments..., *Radical History Review* 81, 2001, p 98.

27 J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001), p 20.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

Die monument is in 1949 voltooi en is op 16 Desember van daardie jaar ingewy.[28] Weer eens is die dag gekies om met die herdenking van die Slag van Bloedrivier saam te val. Die ontwerp van die monument is sodanig dat ’n sonstraal elke jaar om 12:00 op die 16de Desember, op die senotaaf val en die woorde “Ons vir jou Suid-Afrika” belig.

Dit is ongelukkig waar dat die Voortrekkermonument vir ’n lang tydperk as ’n simbool van apartheid beskou is. Ná 1994 het die bestuur van die monument suksesvol daarin geslaag om hierdie persepsie af te breek.[29] Klem is nou eerder op die monument se kulturele belang[30] en dat dit ’n argitektoniese meesterwerk is, geplaas.[31] Vandag word die monument dikwels as ’n simbool van versoening gesien.[32] Hierdie betekenisverandering is so suksesvol deurgevoer dat die Voortrekkermonument in 2011 as ’n Nasionale Erfenisterrein verklaar is. Die ‘Verklaring van belang’ daarvan dui aan dat dit gebou is om die Voortrekkers te gedenk, met die fokus op ’n spesifiek gebeurtenis (16 Desember 1838), wat die gang van die geskiedenis verander het. Voorts is dit ’n herinnering aan Afrikanernasionalisme en dat dit ’n invloed op die ontwikkeling van die demokrasie in Suid-Afrika uitgeoefen het.[33]

Ingevolge die verklaring is ’n area van 15 hektaar rondom die monument ingesluit. Ander historiese terreinelemente word ook in die verklaring vermeld en sluit onder meer die amfiteater, 1938-klipbaken, die trekroetetuin oos van die walaer en replikas van Zoeloehutte in. Dit is verder belangrik dat die argitektoniese meriete spesifiek aandag geniet.[34]

28 J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001), p 28; A Grundlingh, A cultural conundrom? Old monuments, *Radical History Review* 81, 2001, pp 95, 98.

29 E Rankin & RM Schneider, *From memory to marble. The historical frieze of the Voortrekker Monument. Part I: The frieze* (Berlin, 2019), p 428.

30 S Marschall, Forging national identity: ..., *SATKG* 19(1), 2005, p 31.

31 A Grundlingh, A cultural conundrom? Old monuments..., *Radical History Review* 81, 2001, p 98.

32 Anoniem, VTM gidse ontvang akkreditasie, *Vryheid Herald*, 2005-03-04, p 7.

33 Republiek van Suid-Afrika, Declaration of the “Voortrekker Monument”, farm Groenkloof, situated on certain portions of portion 12, 13 and 24/R of farm 358-JR, Pretoria as a National Heritage Site, *Die Staatskoerant*, 2011-07-08, p 6.

34 C Kruger, “The Voortrekker Monument, Pretoria. National Heritage Site Nomination Form” (Ongepubliseerde dokument, Pretoria, Die Erfenisstigting), 2006; C Kruger, “The Voortrekker Monument, Pretoria: National Heritage Site Nomination Form (Including Attachments)” (Ongepubliseerde dokument, Pretoria, Die Erfenisstigting), 2010, pp 1–7.

## Ondersoek van die senotaaf

### *Historiese ondersoek*

Soos vermeld is daar tydens die ondersoek na die waterdigtigsprobleem vasgestel dat die kwessie al vir etlike jare bestaan omdat verskeie tekens van vorige projekte om dit op te los, gevind is (Figuur 3). Volgens Pretorius, het Moerdyk reeds gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu aan die waterdigtingsprobleme in die monument aandag gegee.[35] Een argivale verwysing dien as ’n voorbeeld





**Figuur 3:** Hierdie foto toon die oorspronklike en ’n nuwer geutnetwerk wat geïnstalleer is om die waterprobleme te probeer oplos.
(Bron: F van Vuuren, 2021.)

35 E Pretorius, *Marmer en graniet. Die...* (Pretoria, 2022), p 132.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

van die erns hiervan. In die verslag van die superintendent, gedateer 3 Desember 1964, word aangedui dat nege marmerplate, wat uitgeval het as gevolg van die insypeling van reënwater agter die plate, as 'n tydelike maatreël deur saamgeperste houtplate vervang is.[36]


Voorts is dit nodig om kortliks inligting oor die senotaaf weer te gee, omdat dit die spesifieke element van die Voortrekkermonument is wat ondersoek word. Die senotaaf (Figuur 4&5) is nie net sentraal in die monument geplaas nie, maar



**Figuur 4:** Bo-aansig van die senotaaf met die goue letterwerk sigbaar.
(Bron: E Pretorius, *Marmer en graniet. Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee (1931–1968)*
(Bron: Pretoria, 2022), p 108.)

36 Erfenisstigting Argief (hierna ESA), Pretoria. Voortrekkermonument (hierna VTM), Beheerraad (hierna BHR) Vol 15, Item 4/2/2: Verslae, Superintendent, 1964-12-03.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6



**Figuur 5:** Die senotaaf is in die middel van die senotaafsaal.
(Bron: ESA, Pretoria, VM-M8. Voortrekkermonument, Deursnit en aansigplanne, 1937.)

simboliseer ook die sentrale gedagte van 'n altaar. Dit is gebou van Suid-Afrikaanse marmer (sic)[37] en is die simboliese rusplaas van Piet Retief en diegene wat saam met hom by uMgungundhlovu om die lewe gebring is.[38]

Daar moet in gedagte gehou word dat die oorspronklike gedagte wel was dat die monument as 'n mausoleum[39] vir die Voortrekkers sou dien en dat die stoflike oorskot van Retief en sy geselskap hier geplaas sou word.[40] Oorspronklik sou hierdie element dus 'n sarkofaag[41] en nie 'n senotaaf[42] gewees het nie. In hierdie verband verklaar Moerdyk in 1936 soos volg: Die mausoleum moet uit graniet van dieselfde grootte as die stene van Zimbabwe gebou word. Binne-in sal desverkies 'n sarkofaag aangebring word wat die beendere van Piet Retief en sy manne kan bevat. Rondom sal ruim plek wees om die oorblyfsels van ander Voortrekkers te begrawe.[43]

Op 16 Junie 1949 is van hierdie gedagte afgesien omdat die taak om ander Voortrekkerfigure se beendere te verskuif waarskynlik onhaalbaar sou wees en ontevredenheid kon veroorsaak.[44] Gevolglik is die struktuur vandag 'n senotaaf en soos reeds aangedui, is die letters 'Ons vir jou Suid-Afrika' daarop aangebring, en wel oorspronklik in goue letters (dit is vandag swart). Die senotaaf is van rooi gepoleerde Parys-graniet gebou. Die firma van WF du Plessis van Bloemfontein, het die tender ontvang om die senotaaf aan te bring en die bouwerk is deur Cornelis Pretorius gedoen.[45]

37 Marmer en graniet word dikwels in die bronne as sinonieme gebruik, hoewel dit verskillende gesteentes is. In E Pretorius, *Marmer en graniet. Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee (1931–1968)* (Pretoria, 2022), p 108, word daar byvoorbeeld aangetoon dat die senotaaf van marmer gebou is, terwyl dit op 'n ander plek (pp 72 en 109) as graniet aangedui word. FF Odendal en RH Gouws, *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Kaapstad, 2000), p 685, beskryf 'marmer' as fynkorrelige kalkgesteente met mosaïektekstuur en 'graniet' as harde korrelrige stollingsgesteente (p 321). Dit blyk dus dat graniet wel in die bou van die senotaaf gebruik is, maar dat dit gepoleer is om 'n marmeragtige voorkoms te toon. Inteendeel, soortgelyke Parys-graniet word vandag steeds ontgin (https://www.stonecontact.com/parys-granite/s6415, besoek 2024-06-03.

38 J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001), p 52.

39 'n Mausoleum of praalgraf is 'n vrystaande gebou wat as 'n monument vir die oorskot van 'n oorledene opgerig is.

40 ESA, Pretoria, VTM, A141, 1941-04-14.

41 'n Doodskis van klip waarin 'n oorledene se oorskot bewaar word en as 'n tipe monument dien.

42 'n Simboliese grafmonument wat nie menslike oorskot bevat nie.

43 E Pretorius, "Die senotaaf" (Ongepubliseerde dokument, Pretoria, Die Erfenisstigting), g.d., pp 1–2.

44 E Pretorius, "Die senotaaf" (Ongepubliseerde dokument, Pretoria, Die Erfenisstigting), g.d., p 3.

45 E Pretorius, *Marmer en graniet. Die...* (Pretoria, 2022), pp 68–69.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

Geen inligting kon gevind word wat aandui dat daar iets in die senotaaf versteek is nie. Trouens, die enigste verwysing na iets in hierdie verband is dat daar historiese dokumente agter die hoeksteen, aan die noordoostekant van die VTM, toegemessel is.[46]

Hoewel die oopmaak van die senotaaf noodsaaklik geag is, was dit geen maklike besluit nie. Die senotaaf (sien bo) word as gewyde middelpunt van die monument beskou en daarom was dit uiters noodsaaklik dat versigtigheid aan die dag gelê moes word sodat dit nie beskadig word nie. Historiese inligting omtrent die aard van die senotaaf, was ook hier van waarde.

In een van die dokumente word vermeld dat die derde trap aan die noordekant van die senotaaf oopgeskuif kan word om ’n geheime ingang te ontbloot. Die superintendent, mnr. C Pretorius, het dit in 1959 op rekord laat plaas dat die beeldhouer (Hennie Potgieter)[47] die steen wat verwyder kan word om toegang te verkry, aan hom getoon het. Hy het dit beskryf as die middelsteen op die derde trap aan die agterkant (noord) van die senotaaf.[48] Hy het ook aangedui dat hy die steen aan die beheerraad van die monument sou wys, maar dit is nie bekend of hy dit ooit gedoen het nie.[49]

## Fisiese ondersoek

Vir die doel van die ondersoek na die waterdigting, is ’n permit deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAHRA) uitgereik en het dit die spesifieke ondersoek van die senotaaf ingesluit. Die ‘argeologiese’ aard van die ondersoek hou eerder verband met die dokumentering daarvan as die fisiese opgrawing omdat die senotaaf binne-in ’n vertrek (die senotaafsaal) geleë is. Daar is gevolglik geen natuurlike grondoppervlakte nie, benewens natuurlik onder die vloer van die monument. Trouens, die vloer is met sandsteenteëls bedek. Dit is natuurlik nie vreemd om geboue deur middel van argeologiese opgrawings te ondersoek nie, in welke geval die fisiese struktuur as verwysingspunte dien.

46 E Pretorius, “Die Voortrekkermonument Inligting vir QR-kodes” (Ongepubliseerde manuskrip, Pretoria, Die Erfenisstigting), p 5.

47 Potgieter was een van vier beeldhouers wat vir die marmerfries in die monument verantwoordelik was. Die ander is Peter Kirchhoff, Frikkie Kruger en Laurika Postma (J Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (Pretoria, 2001), pp 58–59).

48 ESA, Pretoria, VTM, BHR Vol 15, Item 4/2/1: Verslae, Superintendent, 1969-01-02.

49 ESA, Pretoria, VTM, BHR Vol 15, Item 4/2/2: Verslae Superintendent, 1964-08-25.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

Die senotaaf is ’n reghoekige struktuur wat in ’n noord-suid-rigting georiënteer is met afmetings van 2,45 x 1,23 x 1,225m (l x b x h), die trappe uitgesluit. Die afmetings met die trappe ingesluit is 4,875 x 3,66 x 1,81m, gemeet op die onderste (wydste) trap. Hierdie wydste afmeting kan as die afmetings van die ondersoekgebied of ‘opgrawing’ beskou word. Die eerste trap is 0,15m hoog en die ander drie effens laer, naamlik 0,145m. Op die oog af is die senotaaf van graniet gebou.


Noodwendig is die volledige ‘opgrawing’ nie ondersoek nie, maar bloot die trappe aan die noordekant, waar die moontlike ingang is. Soos vermeld, is aangedui dat die derde trap weggeskuif kan word om die opening te ontbloot. Dit was nie so eenvoudig om te bepaal watter trap die derde een is nie. Die senotaaf het vier trappe en dit klink logies dat die derde trap na die derde trap van onder af sou verwys. Nietemin het nadere ondersoek getoon dat die tweede trap van onder af die enigste trap is waar die voegwerk op so ’n wyse gedoen is dat die trap ongehinderd sywaarts (wes) sou kon skuif. Al die ander trappe, aan al vier kante van die senotaaf, word telkemale deur ’n ander trap geblokkeer. Dit is moontlik dat mnr. Pretorius verkeerd onthou het, óf dat daar van bo-of getel moet word omdat hiérdie trap wel die derde van bo-af is.

Gevolglik is hierdie trap ondersoek in ’n poging om vas te stel of daar enige los voegwerk of bindmateriaal was wat kon aantoon dat dit moontlik jonger as die res was. Hierdie ondersoek het geen sodanige resultate opgelewer nie. Deur op die trappe te klop, is vasgestel dat die vierde trap van onder af (die laaste trap teenaan die senotaaf) ’n duidelike hol klank gemaak het wat die vermoede laat ontstaan dat hiérdie trap eintlik die ‘opening’ moet wees.


Die planne van die monument is geraadpleeg, maar was verwarrend. Die bo-aansigplanne, wat uit 1937 dateer, toon drie trappe, wat waarskynlik beteken dat die boonste trap die derde een is (Figuur 6). Die vooraansigplan van 1947 toon egter vier trappe, in ooreenstemming met die werklikheid (Figuur 7). Laasgenoemde plan toon ’n dik swart lyn in lyn met die bokant van die eerste trap (van onder af) en word geïnterpreteer as dat dit die oorspronklik beplande vloervlak aantoon.[50] Dit beteken dat die eerste trap eintlik onder die ‘vloervlak’ is, hoewel dit fisies nie die geval is nie. Die bevinding is derhalwe dat die vierde trap inderwaarheid die oorspronklik-bedoelde derde trap van onder af is (Figuur 8).

50 ACVVP, Onderhoud: Mnr. D Dreyer. Bestuurder terrein, Voortrekkermonument en Erfenisstigting, Pretoria, 2022-02-08.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6



**Figuur 6:** Hierdie plan van die grondvloer in die monument, dui duidelik aan dat daar net drie trappe by die senotaaf is.
(Bron: ESA, Pretoria, VM-M3, Voortrekkermonument, Grondplan en eerste verdieping, 1937.)




**Figuur 7:** Hiérdie plan dui vier trappe aan, maar die eerste trap van onder af is eintlik onder die vloeroppervlakte, soos aangedui deur die dik swart lyn.
(Bron: ESA, Pretoria, VM-M7, Voortrekkermonument, Sleutelplan vir marmeruitleg, kelder. Deursnit en aansigplanne, 1947.)


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6



**Figuur 8:** Die boonste trap aan die noordekant.
(Foto: AC van Vollenhoven, 2022.)

Hiérdie inligting, saam met die hol klank het veroorsaak dat die ondersoek na hiérdie trap verskuif is en dit was gou duidelik dat die voegwerk hier in ’n mindere mate geseël was as die res. Inteendeel, dit het maklik losgekom, wat aandui dat dit al vantevore losgemaak en herseël is. Dit moes weliswaar in ’n noordelike rigting uitgeskuif word omdat dit aan al die ander kante geblokkeer was.

Die proses van losmaak het behels dat die voegwerk met ’n ligte hamer en beitel getik is sodat dit kon loskom. Hierna is die trap effens aan die voorkant gelig en uitgeskuif sodat ’n opening onder in die senotaaf ontbloot is. Twee metaalsparre is onder die trap gevind en is waarskynlik aangebring om die skuif van die trap, wat van soliede rooi graniet gemaak is, te vergemaklik.

**Beskrywing van die geopende senotaaf**

Die trap wat verskuif is, is aan die kant genommer (D.5), waarskynlik om aan te dui presies waar dit inpas. Die opening is taamlik klein en slegs ’n persoon met ’n klein liggaamsbou kan daardeur toegang tot in die senotaaf verkry (Figuur 9). Die


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6



**Figuur 9:** Die opening onder die senotaaf nadat die trap verwyder is.
(Foto: AC van Vollenhoven, 2022.)



**Figuur 10:** Binnekant van die senotaaf insluitende die vloervlak.
(Foto: AC van Vollenhoven, 2022.)

afmetings daarvan is 0,797 x 0,1508m, wat kleiner as die trap is. Dit is as gevolg van bakstene wat ’n gedeelte van die gat aan die binnekant toemaak.

Die senotaaf is met gemesselde bakstene uitgelê (Figuur 10) wat aan die buitekant van ’n dun ‘blad’ (0,2cm) rooi graniet voorsien is (Figuur 11). Die vloer bestaan bloot uit bourommel (stukke sement en bakstene). Die plafon bestaan uit ’n betonblad wat in die hoeke met metaal versterk is. In die suidwestike hoek, teen die plafon is die volgende inskripsie gevind: W.F. Du P (Figuur 12). Dit is die voorletters van die bouaannemer van die monument, WF du Plessis.

Stukke papier, afkomstig van sementsakke is ook gevind. Een volledige geroeste beitel en die stukke van ’n tweede beitel (Figuur 13), wat waarskynlik deur die bouers daar vergeet is, is ook opgespoor.



**Figuur 11:** Let op na die dun granietblad aan die buitekant (regs onder). (Foto: AC van Vollenhoven, 2022.)


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6




**Figuur 12:** Die plafon van die senotaaf. Let op die inskripsie, W.F. Du P.
(Foto: AC van Vollenhoven, 2022.)



**Figuur 13:** Beitel onder in die senotaaf gevind.
(Foto: AC van Vollenhoven, 2022.)

**Bespreking en bevindinge**

Die kardinale oorweging met die oopmaak van die senotaaf was om vas te stel in watter mate vog hier ’n probleem is. Benewens geroeste metaal is geen ander teken van vog gevind nie en dit blyk dus dat die algemene vogprobleem in die monument slegs ’n geringe uitwerking op die senotaaf het. Dit word nie as ’n groot probleem beskou nie aangesien die beitels ná 73 jaar onder in die senotaaf, steeds herkenbaar is.

Die tweede doelwit was om na te gaan wat moontlik in die senotaaf versteek mag wees. Die historiese inligting het aangedui dat daar waarskynlik niks doelbewus hier versteek is nie en dit is deur die argeologiese getuienis bevestig. Geen aanduiding van menslike oorskot is blootgelê nie en daar kan gevolglik onteenseglik gekonstateer word dat die struktuur ’n senotaaf en nie ’n sarkofaag is nie. Enige inligting wat op die teendeel sinspeel, soos wat dikwels bespiegel word, is onteenseglik vals.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6

Die beitels wat gevind is, is waarskynlik nie doelbewus agtergelaat nie. Daarenteen is die boumateriaal heel moontlik doelbewus, maar sonder toestemming agtergelaat. Die onnetheid hiervan staan in skrille kontras met die ikoniese aard van die monument, maar kon natuurlik weggesteek word. Dit suggereer dat die bouwerk inderhaas afgehandel is voor die inwyding van die VTM in Desember 1949 en dui op die omstandighede kort voor hierdie geskiedkundige gebeurtenis.

Voorts het die fisiese ondersoek gehelp om die aard en konstruksie van die senotaaf te bepaal. Soos vermeld is dit met bakstene uitgelê wat met ’n dun granietlaag oorgetrek is. Die hele struktuur is dus nie van soliede graniet, soos wat die algemene opvatting is nie, maar die trappe is weliswaar solied. Vermoedelik is die granietblad bo-op die betonplafon van die senotaaf dikker omdat die woorde ‘Ons vir jou Suid-Afrika’ daarin uitgebeitel is. Die letterwerk is 0,5mm diep, maar die dikte van die blad is nie ondersoek nie om moontlik skade aan die struktuur te voorkom en aangesien dit nie tot die kernondersoek sou bydra nie. Dit behoort minstens 1cm dik te wees.

’n Onverwagse vonds was die inskripsie teen die plafon van die senotaaf. Dit is geïdentifiseer as die voorletters van die bouaannemer en dit is te betwyfel of dit met toestemming gedoen is. In wese toon dit iets van die psige van die mens, in hierdie geval die spesifieke individu wat graag sy naam wou verewig deur dit letterlik in die monument in te kerf. Daarmee saam verwys dit waarskynlik ook na die trots op die vrugte van sy arbeid en dat hy graag sy naam in hierdie volksmonument wou verewig.

Laastens is dit nodig om die oënskynlike verskil tussen die bo-aansig- en die vooraansigplan van die senotaaf te probeer verklaar. Hou in gedagte dat die oorspronklike idee was om die oorskot van Voortrekkers onder die vloer van die heldesaal te begrawe. Dit is moontlik dat die spasie tussen die vloer en die huidige tweede trap hiervoor bedoel was. Met die afsien van hierdie gedagte, is die vloer op die laaste vlak gelaat en is die spasie daartussen en die beplande vloervlak, nooit gevul nie. Die huidige eerste trap, wat nie getel is nie omdat dit onder die vloeroppervlakte moes wees, het gevolglik outomaties ’n vierde trap vir die senotaaf geword.

SAJCH/SATKG 38(2), December/Desember 2024 pp 126–126
https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n2.1a6